# Die Departement Praktiese Teologie (Afd A): Die 'De Wet-era' en daarna

T F J Dreyer
Universiteit van Pretoria

Abstract
The Department of Practical Theology (Sec A): The 'De Wet era' and subsequent years

The Department of Practical Theology (Sec A) at the University of Pretoria was established in 1968 when Professor J I de Wet was appointed head of the Department. He held this position until his death in 1983. He can thus be depicted as the 'father' of Practical Theology within the Faculty. This paper is an attempt to identify his viewpoints and to trace his influence in the academic and ecclesiastic spheres. The results show that he can be described as a practical theologian who stood for the preservation of the theological character of this discipline, based on biblical principals. He rejected the 'gesellschaft' as theoretical basis for Practical Theology. Trends since his death in 1983 will also be identified.

## 1. INLEIDING

Die Hervormde Kerk kyk met dankbaarheid terug oor die 75 jaar van die bestaan van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria. Die vestiging van 'n eie teologiese opleiding aan 'n universiteit was vir die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n lang gekoesterde ideaal, wat in 1917 met die totstandkoming van die Fakulteit verwesenlik is. Dit sou egter nog 'n hele aantal jare duur voordat al die dissiplines wat deel uitmaak van die teologiese kurrikulum in selfstandige departemente gehuisves kon word.

Praktiese Teologie was die vak wat die langste moes wag om 'n volwaardige plek in die teologiese opieiding te kon inneem. Vir 'n lang tyd is die vak deur dosente van ander dissiplines gedoseer: so byvoorbeeld het prof J H J A Greyvenstein vanaf 1917-1945, prof A S Geyser vanaf 1946-1962 en prof E S Mulder vanaf 1963-1968 ook Prakties Teologie gedoseer. Sedert 1963 is die vak op 'n tydelik-deeltydse basis deur dr J I de Wet (studentepredikant) aangebied. Eers in 1968 het die kerk daartoe oorgegaan om 'n leerstoel in die Praktiese Teologie in te stel. Die Departement Praktiese Teologie is dus slegs vir die afgelope 24 jaar 'n volwaardige departement van die Fakulteit.

Die persoon van wyle prof J I de Wet sal altyd 'n prominente plek in die geskiedenis van die Departement beklee. Hy is eenparig deur die Vergadering van Professore by die Kuratorium aanbeveel as eerste hoogleraar in die Departement Praktiese Teologie (Kuratorium 1967:3). Hy was nie slegs die eerste hoogleraar in die Departement nie, maar kan ook met reg as die 'vader' van die Praktiese Teologie in die Hervormde Kerk beskryf word.

Sedert 1963 was hy al op 'n deeltydse basis betrokke by die dosering van die vak en vanaf 1968 tot met sy dood op 27 April 1983, die eerste voltydse professor en departementshoof. Sy verbintenis met die Departement strek dus oor 'n periode van twintig jaar. Gedurende dié periode het hy daarin geslaag om die vak Praktiese Teologie as volwaardige teologiese dissipline te vestig en uit te bou.

Met die herdenking van die vyf en sewentigste bestaansjaar van die Fakulteit Teologie is dit 'n voorreg om terug te dink aan voorgangers wat diep spore getrap het in die Hervormde Kerk en in die teologiese opieiding. Miskien is die herinneringe nog te vars en te werklik om 'n objektiewe evaluering te doen. Hierdie artikel pretendeer hoogstens om die teologiese denke van prof de Wet met enkele pennestrepe te trek. Daar sal ook gepoog word om sy standpunte in verband te bring met kontemporêre denke op die gebied van die Praktiese Teologie, om sodoende sy relevansie vir vandag te probeer peil.

## 2. LEWENSKETS

Jacobus Ignatius de Wet was 'n invloedryke en kleurryke figuur in die Hervormde Kerk, maar het nederig gebly. Hy kon sy saak skerp en met oortuiging stel. As kollega en leermeester was hy eg, innemend en vol humor.

Hy is op 24 Januarie 1926 te Clocolan gebore as die derde oudste van ses kinders (5 seuns en 1 dogter). Hy groei op in Lichtenburg waar sy vader onderwyser en boer was. Sy vader sterf terwyl hy in standerd 9 was. Vir die eerste ses maande van sy matriekjaar boer hy by sy oupa Roothman op Gerdau, maar besluit om terug te

gaan skool toe. Hy voltooi sy matriek in slegs ses maande aan die Hoërskool Lichtenburg. Daarna sit hy sy studies voort aan die Universiteit van Pretoria waar hy in 1947 die BA-graad en in 1950 die BD-graad behaal. Op 9 Desember 1950 tree hy in die huwelik met Anna Deborah Muller. Tydens sy diensjare as predikant het sy hom getrou bygestaan. Saam was hulle gewild en geliefd onder gemeentelede, studente en kollegas. Uit die huwelik is twee dogters, Alet en Retha gebore.

Vanaf 1951 tot 1968 dien hy as predikant in die volgende gemeentes: Melville/ Johannesburg-Noord, Krugersdorp-Oos, Pretoria-Oos as studenteleraar en vanaf 1964 te Philadelphia. Tydens sy jare in die bediening dien hy ook op verskillende kerklike rade en studieliggame. As predikant was hy bekend as 'n uitnemende pastor en uitstekende prediker.

Te midde van sy gemeentelike werksaamhede sit hy ook sy studies voort en behaal in 1961 die DD-graad met 'n proefskrif getitel 'Die kerklike verkondiging in die huidige tydsgewrig'.

Tydens sy diensjare as predikant en hoogleraar het hy sy stempel afgedruk en sy invloed laat geld op kerklike en akademiese terrein. Sy prakties-teologiese visie op die kerk en die dienswerk van die kerk het hy met weldeurdagte en goedgeformuleerde memoranda en voordragte op kerklike vergaderings oorgedra. In retrospeksie kan sy invloed veral op twee terreine van die Hervormde Kerk duidelik waargeneem word, naamlik die kategese en die liturgie. Hoofsaaklik as gevolg van sy insette het die Hervormde Kerk opnuut oor die kategese besin. Sy siening van die kategese as gestalte van die kerklike verkondiging (Beukes 1983:4) het daartoe aanleiding gegee dat die kategese aan die prediking gekoppel is. Die prediking moes plaasvind aan die hand van die voorgeskrewe kategetiese stof, met die veronderstelling dat die katkisante in die erediens teenwoordig moet wees. Die kategeseles na afloop van die erediens het dan aangesluit by die prediking (Engelbrecht 1984:3). Sy denke het 'n voortgaande besinning oor die kategese in die kerk tot gevolg gehad. Onder leiding van een van sy promovendi, met 'n proefskrif oor die kategese (Beukes 1973), het daar in die Hervormde Kerk 'n nuwe reeks kategesehandboeke verskyn.

Die ander terrein waar sy spore duidelik merkbaar is, is die liturgie (Van Zyl 1983:3). In die kring van sy nagraadse studente het hy 'n studie onderneem oor die verskillende liturgiese elemente. Hierdie studie het uiteindelik, via die Raad vir Prediking, Erediens en Kerkbou, uitgeloop op 'n memorandum wat voor die Algemene Kerkvergadering gedien het (NHKA 1970:129). Die resultate van hierdie ondersoek het die publikasie van die eerste 'Diensboek' tot gevolg gehad. Deur sy inisiatief is die liturgie as geheel en die afsonderlike liturgiese elemente, deur die Algemene Kerkvergadering op 'n vaste grondslag geplaas.

Onder die bekwame promotorskap van prof de Wet het vyf studente oor die volgende onderwerpe gepromoveer:

Booysen, D J 1966. Die verkondiging van die Woord aan buitekerklikes.
Beukes, M J du P 1973. Kategese as opdrag aan die kerk.
Kotzé, E C B 1980. Wat behoort 'n predikant te doen? Die betekenis van die Praktiese Teologie vir die ampsetiek.
Bloem, G N 1981. 'n Beoordeling met die oog op 'n waardebepaling van die geskiedenis van die prediking vir die Homiletiek.
Golden, S G A 1982. Dialogies-kommunikatiewe prediking.

Professor De Wet het 'n groot invloed op sy doktoraalstudente in die vorming van hulle teologiese denke uitgeoefen. As sommiges van hulle op 'n kerklike vergadering gepraat het, is daar goedig gespot dat hulle presies soos hulle leermeester dink (Engelbrecht 1984:5).

Op die wyer akademiese terrein was prof De Wet 'n stigterslid van *Die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Hy het ook vir baie jare op die bestuur – onder andere as voorsitter en vise-voorsitter – gedien. By verskeie kongresse van die Werkgemeenskap het hy voordragte gelewer. Sy suiwer teologiese denke het ook in dié kring respek afgedwing.

Prof De Wet was egter in hart en siel bedienaar van die Woord en pastor. Dit is tiperend van hom dat hy op die laaste aand van sy lewe, enkele ure voor sy oorlye, nog huisbesoek gedoen het.

## 3. PRAKTIES-TEOLOGIESE VISIE

Dit is interessant om daarop te let dat prof De Wet sy doktorale studies onder leiding van prof B J Engelbrecht in die Departement Dogmatiek voltooi het. Omdat daar geen gedoktoreerdes in die Praktiese Teologie was nie, is aan prof Engelbrecht opgedra om iemand op te lei. Hy (prof Engelbrecht) het in sy studiejare onder prof Van der Leeuw Liturgiek bestudeer (Engelbrecht 1984:4). In 'n huldeblyk oor sy promovendus, skryf prof Engelbrecht as volg oor sy teologiese vermoëns (Engelbrecht 1984:5):

> Dit het geblyk dat hy sy vakliteratuur nie net noukeurig gelees het nie, maar ook dat hy altyd krities daaroor nagedink het en die uiteindelike resultate helder en op 'n wyse kenmerkend van hom, geformuleer het. Die kriterium van sy kritiese denke was altyd die Skrif self. Miskien omdat hy in 'n Dogmatiek-departement gestudeer het, het hy in sy doktoraalstudie en later in sy professoraat met die een basiese begin-

> sel van die Reformasie erns gemaak, naamlik met die 'sola Scriptura' wat impliseer dat die Heilige Skrif alleen die bron en norm van ons geloof, van ons lewe uit die geloof en van ons nadenke daaroor, die teologiese wetenskap, is. Hy het dankbaar van hulpwetenskappe gebruik gemaak, maar dan krities op so 'n wyse dat die Skrif altyd 'norma normans' gebly het, die norm waaraan al ons teologies-wetenskaplike denke gemeet moet word.

Hierdie reformatoriese denkwyse kom ook duidelik na vore in die wyse waarop prof De Wet die Praktiese Teologie as vak wil beoefen, naamlik vanuit die 'sola Scriptura'-beginsel. Hy grens hom daarom skerp af teen die beskouing van Gert Otto (1975:9-31) wat die Praktiese Teologie wil sien as kritiese teorie, maar met die bepaalde aksent dat 'Praxis kein Zweites, der Theorie Nachgeordenetes sein kann, sondern Theorie ist konstitutiv auf Praxis bezögen. Theorie und Praxis verhalten sich interdependent und reflexiv zuneinander' (Otto 1975:15). De Wet toon tereg aan dat Otto by Pannenberg aansluit en selfs nog verder gaan deur teologie sonder enige uitsondering tot teologie van die godsdiens te maak. 'Hiermee laat hy vanselfsprekend ook die Skrif as bron en norm van die teologie los en vervang dit met die algemene godsdiensgeskiedenis as bron van sy teologie' (De Wet 1974:6).

Vir De Wet kan Praktiese Teologie slegs as teologiese dissipline bedryf word indien dit soos alle Bybelse teologie die Skrif as uitgangspunt het (De Wet, kernaantekeninge 1:4). As basisteorie vir die Praktiese Teologie geld dus sy beskouing van teologie wat daarop neerkom dat die Skrif as objektiewe selfopenbaring van God die bron en norm is (De Wet 1974:5). Volgens hom kan daar in die beoefening van die Praktiese Teologie veral drie hoofstrominge onderskei word (De Wet 1968:197-203):

* Die *Praktiese Denkrigting* wat hoofsaaklik gerig is op die vorm en metode van die kerklike verkondiging. Hier word die vak uitgelewer aan nie-teologiese hulpwetenskappe. Daar kom dan 'n gesekulariseerde praktyk in die kerk in aksie asof die kerklike praktyk los van en onaangeraak deur die teologiese principia 'n eie bestaan kan voer.

* Die *Spekulatiewe Denkrigting* is weer die stroming wat slegs die prinsipiële sy, naamlik die aard en doel van die verkondiging, bestudeer. Binne hierdie denkrigting is dit daarom eintlik nie 'n ter saaklike vraag of nie-teologiese dissiplines 'n bydrae tot die prakties-teologiese besinning kan lewer nie.

* Die *Prakties-Teologiese Rigting* is die rigting waarmee De Wet homself wil identifiseer. Hierdie rigting kan nie beskou word as 'n sintese tussen die vorige twee nie, maar maak aanspraak op 'n ander benaderingswyse. Hy kies Otto Haend-

> ler as die beste verteenwoordiger van hierdie rigting. Haendler (1957:1) stel dit so: 'Praktische Theologie kann nicht nur als Theorie der kirchlichen Praxis definiert werden, sondern ist infolge der unlöslichen gegenseitigen Durchdringung der Praxis mit dem Gesamentsein der Kirche erweitert als Strukturtheologie der gegenwärtige Kirche zu verstehen.'

Vanuit die beredenering dat Haendler onder die begrip 'kerk' nie die objek van ekklesiologiese besinning verstaan nie, maar wel as 'verkondigingsagens', kom hy dan tot die volgende definisie: 'Praktiese Teologie is die wetenskaplike ondersoek en beskrywing van die aard, doel, vorm en metode van die verkondiging waardeur die kerk self in aansyn geroep word en waarmee die kerk self in die wêreld en aan die wêreld die Woord moet verkondig' (De Wet 1968:202). Volgens hierdie denkrigting word die vak gevrywaar van boedeloorgawe aan die nie-teologiese hulpwetenskappe enersyds en teen 'n spekulatiewe rigting andersyds, omdat 'prinsipe en metode nie sondermeer geskei kan word nie, maar dat die prinsipe juis die metode medebepaal' (De Wet 1968:202).

Vanuit hierdie definisie van die vak stel hy dat die studie-objek van die vak dan die kerklike verkondiging is. Omdat Praktiese Teologie 'n teologiese wetenskap is, kan hy slegs die Skrif (Openbaring) as uitgangspunt hê. As metode vir die wetenskaplike beoefening van die vak kies hy die sogenaamde teologies-kritiese metode. Die resultate van die wetenskaplike beoefening van die Praktiese Teologie kan volgens hom saamgevat word in tweërlei sin, naamlik om vir die kerk 'n verantwoorde verkondigingspraktyk daar te stel en om in die proses ook vir die kerk goed toegeruste verkondigers van die Woord te vorm (De Wet, kernaantekeninge 1:12v).

### 3.1 Die studie-objek

As De Wet die kerklike verkondiging as studie-objek van die Praktiese Teologie poneer, doen hy dit op voetspoor van Karl Barth. In sy proefskrif beredeneer hy dit dat die kerk en die opdrag aan die kerk nie twee geskeie groothede is nie, maar dat dit saamval. So is verkondiging van die Woord 'n lewensfunksie van die kerk: 'Dit is wesenlik eie aan die Openbaring dat dit die kerk so in aansyn roep, dat die lewe van die kerk daaruit bestaan dat die kerk die openbaring moet verkondig' (De Wet 1961:10). In sy proefskrif kom hy ook tot die konklusie dat die verkondiging in verskillende gestaltes onderskei kan word (De Wet 1961:103-144). Die verkondigingsgestaltes vorm 'n eenheid en 'n samehang, omdat dit inhoudelik die een evangelie van Jesus Christus wil verkondig; daarom kan die gestaltes van die verkondiging nie volgens 'n rangorde van waardes gerangskik word nie, maar daar is wel 'n volgorde. De Wet (1961:127-144) orden dan die verkondigingsgestaltes as die voorliturgiese

gestaltes (sending en evangelisasie), die liturgiese elemente of gestaltes (hieronder word dan die prediking en sakramente verstaan), die para-liturgiese gestaltes (die pastoraat en die kategese). Naas die verkondigingsgestaltes is daar dan ook die antwoord van die gemeente soos dit na vore kom in die erediens (liturgie) en die lewe van elke dag. Aan die hand van hierdie onderskeiding van die verkondigingsgestaltes, word dan ook die verskillende subdissiplines van die Praktiese Teologie georden.

Hierdie ordening van De Wet is 'n bruikbare metode om op 'n gesistematiseerde wyse die kerklike verkondiging te bestudeer. Dit het ook in die Nederduitsch Hervormde Kerk daartoe gelei dat die verkondiging van die kerk nie slegs opgegaan het in die prediking nie, maar dat, naas die akte van die prediking wat wel sentraal staan, daar ook bewustelik besin is oor ander modi van die verkondiging, of bekendmaking van die evangelie, soos die pastoraat en kategese van die kerk. Met hierdie indeling het hy daarin geslaag om nuwe besinning te stimuleer.

Naas hierdie positiewe opmerkings het sy indeling tog ook die gevaar ingehou dat die verkondigingsgestaltes in waterdigte kompartemente geskei word. Prediking het kategetiese en pastorale elemente, so het die pastoraat ook weer homiletiese en kategetiese elemente. Wanneer die indeling te kategories word, verskraal dit die verskeidenheid aksente wat in die verkondiging op elke terrein aanwesig behoort te wees. Dit hou ook die ander gevaar in dat alle 'modi' van die verkondiging 'n geopenbaarde waarheid is, asof die kerk vir elke situasie reeds 'n gegewe verkondigingsmodus ontvang het. Die Praktiese Teologie sal naas die gegewens van die Skrif ook altyd rekening moet hou met die situasie waarin hy sy opdrag tot verkondiging moet uitvoer. Nuwe 'modi' van verkondiging sal in 'n nuwe situasie telkens opnuut geëvalueer moet word.

Alhoewel sy proefskrif reeds dertig jaar gelede ingedien is, het sy onderskeiding van die verkondigingsgestaltes tog ook bepaalde vergesigte bevat. Die nuwere denke verdeel die studieveld van die Praktiese Teologie in handelinge en handelingsvelde. As wesenlike handelinge van die kerk word prediking, onderrig, sorg, viering en diens aangedui (Heyns & Pieterse 1990:16). Hierdie handelinge vertoon duidelike ooreenkoms met die verkondigingsgestaltes, asook die antwoord van die gemeente op die verkondiging, soos De Wet dit georden het. Die verdienstelikheid van die nuwere benadering is daarin geleë dat dit ruimte bied vir die feit dat 'n bepaalde handeling soos sorg hom op verskillende handelingsvelde soos byvoorbeeld in die erediens, kategese, huisgesin en talle ander velde kan voltrek.

### 3.2 Teologies-kritiese metode

De Wet se benadering tot sy vak word duidelik gereflekteer in die metode wat hy vir wetenskaplike arbeid van die Praktiese Teologie poneer. Hy sê dat daar basies net twee metodes moontlik is, naamlik die proefondervindelike-, en die teologies-kritiese metode. Hierdie twee metodes sluit volgens hom mekaar uit (De Wet, kernaantekeninge 1:9). Uit sy verduideliking van die proefondervindelike metode, sou 'n mens die afleiding kon maak dat hy hom afgrens teen die nuwe tendens in die Praktiese Teologie om te werk met empiriese navorsingsmetodes (Van der Ven 1988:7-27): 'Ons insiens is hierdie metode as werkswyse vir die Praktiese Teologie onaanvaarbaar en totaal onbruikbaar' (De Wet, kernaantekeninge 1:10). Daar bly dus vir die Praktiese Teologie, indien hy die Heilige Skrif as die enigste geldige uitgangspunt handhaaf, slegs die teologies-kritiese metode oor. Alleen dit wat diensbaar is aan die Woord en nie in stryd daarmee is nie, kan as geskikte oordrag van die Woord beskou word.

> Hieruit vloei dan voort dat Praktiese Teologie, wat as teologie beoefen word, die Skrif gaan ondersoek om daaruit vas te stel wat kerklike verkondiging nou eintlik is. Wanneer hierdie bybelse prinsipes dan vasgestel is word dit nie in proef- en kontrolegroepe getoets om te bepaal of mense daarvan hou of nie hou nie...Dit gaan...nie om die ontwerp van tegnieke en praktyke wat uit allerlei menslike oorwegings as effektief aanvaar kan word nie. Dit gaan wel om die ontwerp van tegnieke en praktyke wat bybels verantwoordbaar is en daarom vir die Woord effektief kan wees.
>
> (De Wet, kernaantekeninge 1:11)

Hierdie siening van die teologies-kritiese metode as enigste metode wat vir die Praktiese Teologie aanvaarbaar is, het die voordeel dat die suiwer teologiese karakter van die vak altyd behoue sal bly. Wanneer hierdie metode konsekwent toegepas word, blyk dit egter dat die Skrif nie in alle gevalle duidelike voorskrifte vir kerklike geloofshandelinge bied nie. Indien 'n basiese saak, soos byvoorbeeld die vraag na die kerklike bedieninge, in die Skrif ondersoek word, word dit heel gou duidelik dat dit op grond van eksegetiese getuienis moeilik is om definitiewe voorskrifte vir die kerklike bediening daar te stel (Pelser 1990:1-18). Slegs enkele grondliggende vereistes sou op grond van Skriftuurlike gegewens gebied kan word. Die verdere uitbouing van daardie gegewens tot verantwoorde kerklike praktyk in 'n nuwe situasie, is 'n prakties-teologiese vraag wat nie altyd via die teologies-kritiese metode beantwoord kan word nie. Die antwoord is in die verlede dikwels gesoek in teologiese 'tradisies', asof dit op sigself die teologiese karakter van die Praktiese Teologie sou

waarborg. Van Wyk (1989:182vv) toon duidelik die gevare van so 'n benadering aan.

De Wet het, soos vroeër aangetoon, hom afgegrens teen die sogenaamde 'Spekulatiewe rigting' in die Praktiese Teologie. As hy egter slegs die teologies-kritiese metode in die Praktiese Teologie wil aanvaar, verval hy noodwendig in 'n spekulatiewe beoefening van die vak. Die teologies-kritiese metode maak nie voorsiening vir 'n wetenskaplike metode waarmee die praxis waarbinne die kerk moet verkondig, ondersoek kan word nie. Dit beteken in wese dat daar nie die nodige wisselwerking tussen teologiese teorieë en die praxis moontlik is nie. Alhoewel De Wet dus in beginsel hom skaar by die prakties-teologiese denkrigting, maak hy in sy metodologie nie voorsiening vir die verdiskontering van die praxis nie. Hy behou wel die openheid dat daar van die ander 'hulpwetenskappe' se resultate op 'n kritiese wyse gebruik gemaak kan word, maar in sy hantering van vakinhoude word dit duidelik dat dit nie realiseer nie. Sy kernaantekeninge oor die prediking reflekteer byvoorbeeld op geen wyse die insigte van ander 'hulpwetenskappe' nie. As hy in sy formele Homiletiek die vorm en struktuur van die preek behandel (De Wet, kernaantekeninge 2:13-21), is daar geen aanduiding op welke wyse hy tot sy praktykteorie gekom het nie. Bestaande teologiese teorieë wat uit die 'tradisie' gehaal word, word nie blootgestel aan 'n kritiese interaksie met teorieë uit die Kommunikasiekunde, Didaktiek en ander dissiplines nie.

Wanneer hierdie leemte in sy benadering uitgewys word, word egter geensins afbreuk gedoen aan sy eis om Bybelgetrouheid nie. In die hantering van hedendaagse metodologiese modelle vir die Praktiese Teologie (Heyns & Pieterse 1990: 36-40), skuil die gevaar dat die Praktiese Teologie sy teologiese karakter kan verloor (Dreyer 1991:597-608). In sy alarmerende artikel oor die benadering van Gert Otto, is De Wet (1974:5-11) profeties. Dit waarteen hy gewaarsku het, het reeds in 'n groot mate die Prakties-teologiese toneel oorheers. In die huidige situasie waar Praktiese Teologie as empiriese teologie beoefen word, moet daar weer opnuut kennis geneem word van die waarskuwing van De Wet dat die Praktiese Teologie sy teologiese karakter sal verloor. 'n Gesonde balans sal gehandhaaf moet word. Nadat daar plek ingeruim is vir die nodige wisselwerking tussen teorie en praxis, sal die eis van 'n teologiese kriterium onverkort moet geld. Hierdie eis, ter wille van die behoud van die teologiese karakter van die Praktiese Teologie, wat De Wet tereg in sy teologies-kritiese metode bepleit, sal met fyner nuanses in 'n metodologiese model as laaste fase geïnkorporeer moet word. Dreyer (1991:607), stel dit soos volg:

> Nuwe praktykteorieë sal dan in 'n metodologiese model ten slotte binne die hermeneutiese spanningsveld van die Skrif getoets moet word. Binne hierdie hermeneutiese spanningsveld sal God se aanspraak en

> sy Waarheid, soos dit neerslag gevind het en betuig is in menslike ervaringe in die Skrif, vanuit die vraagstelling van 'n nuwe praktykteorie, ontworstel moet word...Slegs wanneer die metodologiese model ook vir hierdie teologiese kriterium voorsiening maak, kan die Praktiese Teologie teorieë vorm wat nog binne die ruimte van die teologie op erkenning kan aandring.

### 3.3 Opleiding van predikante

Soos reeds aangetoon, sien De Wet as een van die resultate van die Praktiese Teologie, die opleiding en vorming van goedtoegeruste verkondigers van die Woord (De Wet, kernaantekeninge 1:13). Hy skroom ook nie om onomwonde daarop te wys dat die resultate van die Praktiese Teologie in laaste instansie geloofsuitsprake is nie. Hy grond sy stelling op die volgende argumente:

* Die Bybel is handboek vir geloof en lewe in diens van God.
* Die verkondiging is direk gemoeid met die stigting en versterking van geloof.
* Die teologie is gelowige denke aangaande die geloof wat vanuit die Skrif gelowig nadink oor die stigting en versterking van die geloof deur die verkondiging.

'Hieruit volg vanselfsprekend dat hierdie uitsprake alleen in die geloof en vir die geloof geldigheid besit' (De Wet, kernaantekeninge 1:12).

Uit hierdie paar opmerkings is dit duidelik dat De Wet Praktiese Teologie wou beoefen vanuit 'n spesifiek kerklike perspektief. Daarom maak sy resultate nie noodwendig aanspraak op algemene geldigheid nie, maar dit het wel geldigheid binne die Kerk- en geloofsgemeenskap. Hy skroom daarom ook nie om dit uit te spel dat die vorming van bedienaars van die Woord een van die resultate van die Praktiese Teologie is nie. Hierdie siening van De Wet verskil radikaal van die nuwere sienings op die vakgebied, wat ook hier ter lande veld wen. Van Wyk (1989:189) stel dit so: 'As 'n wetenskaplike dissipline wil die praktiese teologie die werklikheid bestudeer vanuit die geloofsaspek, en nie slegs vanuit bepaalde kerklike tradisies nie...Hier word slegs 'n modale begrensing ingesluit, met ander woorde die geloofsaspek, wat die praktiese teologie dan afgrens van die psigologie of die sosiologie.'

Bogenoemde uiteenlopende standpunte het ingrypende konsekwensies vir die kurrikulering van kursusse. De Wet, wat Praktiese Teologie vanuit 'n kerklike perspektief wil beoefen met die oog op die vorming van bedienaars van die Woord, neem as vertrekpunt die profiel van die predikant soos dit na vore kom in die kerklike bepalings (De Wet 1963:7). Vanuit hierdie profiel vra hy dan na wat 'n predikant behoort te doen en aan die hand van die Kerkwet identifiseer hy dan die basiese

funksies van die predikant, wat weer die basis word vir die kurrikulering (De Wet, kernaantekeninge 1:14-17).

In hierdie opsig het De Wet 'n belangrike beginsel vir kurrikulering daargestel. Indien 'n teologiese fakulteit sy bestaan te danke het aan die behoefte van 'n bepaalde kerk om vir hom predikante op te lei, kan hy sy kurrikulering nooit los van die profiel van die predikant beplan nie. Dan kan Praktiese Teologie in die besonder, maar ook al die ander teologiese dissiplines, nie verval in teologiese en akademiese gimnastiek nie; dan word sy resultate en uitsprake geloofsuitsprake ten dienste van die kerk.

## 4. EVALUERING

Dit is 'n riskante onderneming om 'n persoon se lewe en betekenis te probeer evalueer. Dit word nog moeiliker om kritiese distansie te verkry as die periode sedert sy dood nog maar 'n skrale nege jaar is. In 'n poging om reg te laat geskied aan so 'n evaluering, sal 'n mens doelbewus in gedagte moet hou dat daar in die afgelope tien jaar ingrypende veranderinge op die terrein van wetenskapsbeoefening, hom ook hier te lande al meer en meer laat geld. Paradigmaverskuiwings het aanleiding gegee tot 'n nuwe wetenskaplike denkmodel. Veral die invloed van die holisme as 'n postmodernistiese filosofie is ook in die wetenskapsbeoefening van die teologie duidelik merkbaar (Van Aarde 1990:293-311). Hierdie denkmodel hou wesenlike gevare vir die teologie in. 'Om teologie as 'n organismies-holistiese onderneming op die voetspoor van iemand soos Capra te bedryf, lei myns insiens tot die vernietiging van teologie as 'n selfstandige wetenskap' (Van Aarde 1990:308). Die invloed van die mondiale kultuur en die nuwe wetenskapsmodel word tog sigbaar in die feit dat relatiwiteit en onsekerheid deel geword het van wetenskaplike denke en uitsprake, ook in die teologie! Die kennis van en spreke oor God word 'n ingewikkelde hermeneutiese gebeure. Dit is teenswoordig nie meer so eenvoudig om teologiese uitsprake met gesag te beklee op grond van die objektiewe openbaring van God in die Skrif, soos De Wet dit geformuleer het nie. In die lig van hierdie veranderinge sal dit onbillik wees om De Wet se uitsprake vanuit 'n nuwe teologiese vraagstelling te evalueer.

Gesien in sy eietydse konteks het De Wet daarin geslaag om die Praktiese Teologie te vestig as 'n selfstandige teologiese dissipline met sy eie studie-objek en metode. Die teoretiese onderbou wat hy vir die vak verskaf het, het dit daarvan gevrywaar dat dit nie opgegaan het in die skoling van studente in allerlei tegnieke en vaardighede nie, maar dat dit die kerklike praktyk teologies-krities begrond en beoordeel het. Sy grootste verdienste lê myns insiens daarin dat hy met skerpsinnig-

heid die teologiese karakter van die vak behou en verdedig het. Hy het die vermoë gehad om met fyn waarneming en teologiese insig moontlike dwalings vroegtydig te identifiseer en skerp daarop te reageer. Die leemte in sy hantering van die vak blyk daaruit dat hy tog verval het in 'n spekulatiewe beoefening. Hy het nagelaat om, nieteenstaande die erkenning wat hy aan die praxis en aan ander 'hulpwetenskappe' gegee het, dit in sy teorievorming te inkorporeer.

Indien 'n mens dit kan waag om De Wet se Praktiese Teologie hermeneuties vir vandag te vertolk, kan 'n paar basiese kontoere vir die eietydse teologiese debat getrek word:

* Die Praktiese Teologie moet gebou wees op die basisteorie van die eie aard van die teologie as wetenskap wat hom besig hou met die Heilige Skrif as normatiewe geskrif vir die kerk. 'Die bron vir die kennis van God is die Heilige Skrif alleen. Dit is ook 'n geloofsuitspraak' (Oberholzer 1989:439).
* Teologie soos dit in die Fakulteit Teologie van die Nederduitsch Hervormde Kerk gestruktureer is, sal altyd 'n kerklike gerigtheid ten dienste van die verkondiging van die kerk moet hê (Pelser 1989:444).
* Praktiese Teologie moet daarteen waak om nie as empiriese teologie bedryf te word vanuit die basis van die godsdienswetenskap nie.

Indien die Departement Praktiese Teologie binne hierdie kontoere bly, sal dit met dankbare erkenning voortbou op die fondamente wat gelê is en sodoende die kerk help begelei om in gehoorsaamheid aan sy Heer kerk te wees.

## 5. RESENTE ONTWIKKELING

Na die afsterwe van prof J I de Wet in 1983, is dr T F J Dreyer deur die Kuratorium as sy opvolger benoem. Prof Dreyer het die BA- en BD-studie aan die Universiteit van Pretoria aan die einde van 1969 voltooi. Hy skryf in vir nagraadse studie in die Praktiese Teologie en lê sy doktorale eksamens onder die leiding van prof de Wet af, waarna hy sy studies aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in Nederland voortsit. In 1974, onder promotorskap van prof H Jonker, behaal hy die DTheol-graad te Utrecht.

Hy dien sedert 1970-1983 (met onderbreking vir studie in Nederland 1973-1975) as predikant in die gemeentes Krugersdorp-Noord, Noord-Rand, Voortrekkerhoogte en Hartebeespoort.

Reeds voor die afsterwe van prof de Wet, is drr T F J Dreyer en M J du P Beukes vanaf 1979 as deeltydse dosente in die Departement aangestel. Dr Beukes was as deeltydse dosent verantwoordelik vir die dosering van Kategetiek en dr Dreyer

het die Poimeniek behartig. Na die benoeming van prof Dreyer as departementshoof, is die doseerwerk as volg verdeel: Dr Beukes was verantwoordelik vir Kategetiek en Liturgiek, terwyl prof Dreyer Inleiding tot die Praktiese Teologie, Homiletiek, Poimeniek en Evangelistiek behartig het. Die dosentevergadering het egter in 1988 besluit dat Evangelistiek onder die apostolêre vakke tuishoort en dit oorgeplaas na die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap.

In die periode van reorganisasie is voortgebou op die fondamente soos deur prof de Wet gelê. Daar is egter gepoog om weg te beweeg van die 'Spekulatiewe Denkrigting' deur doelbewus die insigte van ander nie-teologiese dissiplines wat gekwalifiseerd vir die Praktiese Teologie tot hulp kon wees, te verdiskonteer. In die geval van die kategese het dr Beukes 'n leidende rol gespeel om via die Raad vir Kategese nuwe kategesehandboeke vir die kerk daar te stel. Hierdie handboeke is opgestel met benutting van die insigte van ander nie-teologiese dissiplines. Die teoretiese onderbou van hierdie benadering het via die lesings van dr Beukes ook neerslag gevind in die aanbieding van die Kategetiek. In die pastoraat is gepoog om die relevante resultate van die sielkunde vir die pastoraat diensbaar te maak met die instelling van 'n module Psigo-pastoraat, wat aanvanklik deur prof S J Prins en later deur dr J A van Biljon aangebied is.

Op die terrein van die Homiletiek is die jongste resultate van die kommunikasiekunde en die 'Nuwere Hermeneutiek' vir die prediking verdiskonteer (Dreyer 1989:350-369). Met die paradigma-verskuiwing, wat invloed uitgeoefen het op die wetenskapsbeoefening, is gepoog om die Praktiese Teologie op basisteoretiese vlak sy teologiese identiteit te laat behou (Dreyer 1991:597-608).

Tydens die herkurikulering van die teologiese opleiding, is modules soos Gemeentebou, Jeugbediening, Gesinsverryking, Huwelikspastoraat en Rousmart bygevoeg. Met die instelling van die SVTT (Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting) is die praktiese opleiding verskuif na die sentrum. Onder leiding van prof Beukes word die studente se praktiese werk in gemeentes, voortspruitend uit die akademiese teorievorming, gekoördineer en geëvalueer.

Die komponent van nagraadse studente in die Praktiese Teologie het gegroei tot 22 studente. Seminare vir nagraadse studente word op 'n gereelde basis aangebied. Sedert 1983 het drie studente onder die promotorskap van prof Dreyer gepromoveer naamlik J A van Biljon, H T van Deventer en G J J Labuschagne.

## 6. SLOTOPMERINGS

Die resente ontwikkeling in die Departement sedert 1983 is slegs oorsigtelik behandel as aanduiding van die rigting wat gevolg is. 'n Objektiewe evaluasie van hierdie

periode sal waarskynlik eers gedoen kan word wanneer die geskiedenis van 'n groter distansie sy oordele sal fel. Eers dan sal geoordeel kan word of die kontoere vir die beoefening van die vak, soos deur prof de Wet uitgespel, eerbiedig is al dan nie.

## Literatuurverwysings


Beukes, M J du P 1973. Kategese as opdrag aan die Kerk. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

--- 1983. *'n Handleiding vir kategete*. Pretoria: KITAL.

Bloem, G N 1981. 'n Beoordeling met die oog op 'n waardebepaling van die geskiedenis van die prediking vir die Homiletiek. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Booysen, D J 1966. Die verkondiging van die Woord aan buitekerklikes. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

De Wet, J I 1961. Die kerklike verkondiging in die huidige tydsgewrig. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

--- 1963. Die werk van die predikant. *HTS* 19, 7-24.

--- 1968. Die gehalte en gestalte van die Praktiese Teologie sedert die begin van die twintigste eeu. *HTS* 22/4, 197-203.

--- 1974. Die herlewing van 'n ou definisie van die Praktiese Teologie. *HTS* 34/3, 5-11.

--- sj. Kernaantekeninge 1. Ongepubliseerde kernaantekeninge: Inleiding tot die Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

--- sj. Kernaantekeninge 2. Ongepubliseerde kernaantekeninge: Die Formele Homiletiek, Universiteit van Pretoria.

Dreyer, T F J 1989. 'n Poging tot 'n herdefinisie van die prediking binne die raamwerk van die Reformatoriese Teologie. *HTS* 45, 350-369.

--- 1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie - waarheen? *HTS* 47, 597-608.

Engelbrecht, B J 1984. Wyle prof J I de Wet. *HTS* 30, 3-6.

Golden, S G A 1982. Dialogies-kommunikatiewe prediking. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Haendler, O 1957. *Grundriss der Praktischen Theologie*. Berlin: Topelmann.

Heyns, L J & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.

Kotzé, E C B 1980. Wat behoort 'n predikant te doen? Die betekenis van die Praktiese Teologie vir die ampsetiek. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1967. Notule van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding 13 Junie 1967. Pretoria: NHKA.

--- 1970. Agenda met Bylaes van die Alge-mene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.

Oberholzer, J P 1989. Teologie as wetenskap: Aantekeninge van buite die sistematiese teologie. *HTS* 45, 438-441.

Otto, G 1975. Praktische Theologie als kritische theorie religiös vermittelter Praxis in der Geselischaft, in Otto, G (Hrsg), *Praktisch Theologisches Handbuch*, 9-31. Hamburg: Rennebach.

Pelser, G M M 1989. Die Bybel aan die universiteit en in die kerk. HTS 45, 442-450.

--- 1990. Die bedieninge in die Nuwe Testament: 'n Ondersoek na historiese wording en prinsipiële regverdigbaarheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5, 1-18.

Van Aarde, A G 1990. Holisme as post-modernistiese filosofie in teologiese lig. *HTS* 46, 293-311.

Van der Ven, J A 1988. Practical theology from applied to empirical theology. *Journal of Empirical Theology* 1, 7-27.

Van Wyk, A G 1989. 'n Evaluering van die grondslae van die diakoniologiese benadering vanuit 'n prakties-teologiese perspektief. D Theol-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Van Zyl, F J 1983. 'n Huldeblyk. *Die Hervormer*, Junie 1983.